



# WATERNOODPLAN



## INLEIDING:

---

Suid-Afrika word as 'n waterskaars land geklassifiseer. Daar is toenemend druk op die vraag na en aanbod van skoon drinkwater. Groeiende druk op bestaande drinkwater- en rioolinfrastruktuur dra tot die land se dreigende drinkwaterkrisis by. Boonop word die land se waterinfrastruktuur nie opgegradeer of aangevul nie, soos om nuwe damme te bou of bestaande damme te vergroot. Oplossings moet daarom gevind word om die buitengewone uitdagings die hoof te bied wat met die volhoubare bestuur van varswaterbronne gepaard gaan. AfriForum stel gemeenskappe in staat om hulself teen swak staatsdienslewering te beskerm, veral wat betref die voorsiening van water. Verskeie AfriForum-takke het reeds noodwaterpunte opgerig waar skoon drinkwater by privaat bronne beskikbaar gestel word. Die organisasie het ook munisipale boorgate in krisistye herstel om watervoorsiening te verbeter. Suid-Afrika is nie uniek wat sy wateruitdagings

betref nie. Watertekort dwing verbruikers om opnuut oor water te dink en hoe ons dit gebruik, byvoorbeeld toe waterbeperkings van 50 liter per capita per dag (ℓ/c/d) die Wes-Kaapse gemeenskappe in 2018 in die gesig gestaar het. Volgens die Departement van Water en Sanitasie (DWS) is die gemiddelde waterverbruik in die wêreld 180 ℓ/c/d, vergeleke met Suid-Afrika se gemiddelde verbruik van 235 ℓ/c/d. Suid-Afrikaners sal dringend ons waterverbruik moet ondersoek en aanpas. Ons moet poog om tegnieke en metodes te vind om water vir meer as een doel aan te wend. Dit beteken dat dieselfde liter water van drinkwatergehalte nie net een maal gebruik word en dan weggespoel word nie – dit moet 'n tweede en derde gebruiksfunksie hê wat daarvoor gepas is. Dit is egter baie belangrik om intussen noodwaterpunte in elke dorp te hê om voorbereid te wees op toekomstige waterprobleme en/of -tekorte.

---

## DIE WET

---

Sowel die Grondwet as artikel 3 van die Wet op Waterdienste 108 van 1997 verseker dat almal die reg het tot toegang tot water en sanitasie. Om uitvoering hieraan te gee, word onder meer munisipaliteite as waterdienste-owerhede verklaar. Dié owerhede is daarvoor verantwoordelik om die volledige waterdiens te bestuur – en daarom kan munisipaliteite ook verordeninge uitreik om gemeenskappe se handeling te reguleer. Dit beteken dat 'n persoon soms eerste moet kyk wat

'n munisipaliteit se verordening bepaal in terme van die onttrekking van water binne die munisipale area. Daar word darem in artikel 6 (saamgelees met artikel 8) genoem dat toestemming nie onredelik geweier mag word nie. Dit is egter baie belangrik om kennis te neem van artikel 22(1) van die Nasionale Waterwet 36 van 1998 wat jou toelaat om in sekere omstandighede self water te onttrek en berg. Dié artikel bepaal:

### 22 Toelaatbare watergebruik

- (a) sonder 'n lisensie –
  - (i) indien daardie watergebruik kragtens Bylae 1 toelaatbaar is;

- (ii) indien daardie watergebruik toelaatbaar is as 'n voortsetting van 'n bestaande wettige gebruik; of
  - (iii) indien daardie watergebruik ingevolge 'n algemene magtiging wat kragtens artikel 39 uitgereik is, toelaatbaar is;
- (b) indien die watergebruik deur 'n lisensie kragtens hierdie Wet gemagtig is; of
- (c) indien die verantwoordelike gesag met 'n lisensievereiste kragtens subartikel (3) weggedoen het.

Bylae 1 noem die omstandighede as volg:

- (1) 'n Persoon kan, behoudens hierdie Wet –
- (a) water neem vir redelike huishoudelike gebruik in die persoon se huishouding, regstreeks vanuit enige waterhulpbron waartoe daardie persoon wettige toegang het;
  - (b) water neem vir gebruik op grond waarvan daardie persoon die eienaar of bewoner is, vir –
    - (i) redelike huishoudelike gebruik;
    - (ii) klein tuinmakery vir nie-handelsdoeleindes; en
    - (iii) die gee van water vir diere (met uitsluiting van voerkrale) wat op daardie grond wei binne die drakrag van daardie grond, vanuit enige waterbron wat op daardie grond geleë is of 'n grens daarvan uitmaak mits die gebruik nie oormatig is in verhouding tot die vermoë van die waterhulpbron en die behoefte van ander gebruikers nie;
  - (c) afvloeiwater, vanaf 'n dak, bewaar en gebruik;
  - (d) in noodgevalle, water vanuit enige waterhulpbron waartoe daardie persoon wettige toegang het, gebruik; of
  - (e) vir doeleindes van ontspanning –
    - (i) water of die oppervlak van 'n waterhulpbron waartoe daardie persoon wettige toegang het, gebruik; of
    - (ii) 'n boot of kano oor enige grond wat aan 'n waterloop grens, dra ten einde voort te gaan om op daardie waterloop te vaar;
  - (f)
    - (i) afval of water wat afval bevat; of
    - (ii) afvloeiwater, met inbegrip van stormwater vanaf enige woon-, ontspannings-, kommersiële of nywerheidsperseel, stort in 'n kanaal, see-uitloop of ander waterleiding wat beheer word deur 'n ander persoon wat daartoe gemagtig is om die suiwering, behandeling of beskikking oor afval of water wat afval bevat, te onderneem, onderworpe aan die goedkeuring van die persoon wat die kanaal, see-uitloop of ander waterleiding beheer.
- (2) 'n Reg kragtens hierdie Bylae verleen, stel nie 'n ander wet, ordonnansie, verordening of regulasie tersyde nie en is onderworpe aan enige beperking of verbod daarkragtens gestel.

---

## WAT IS AL GEDOEN?

---

Die volgende dorpe of gebiede het al noodwaterpunte opgerig:

- Bloemfontein
- Margate
- Moot (Pretoria)

# DIE PROJEK (STATIES)

---

Die water noodplanprojek sal in drie fases uitgerol word om die proses te vergemaklik.

---

## FASES OM 'N WATERNOODPLAN TE FORMULEER

---

### Fase 1

- Identifiseer boorgate in en om die gebied (die owerhede weet nie altyd van die bronne nie). Identifiseer ook bestaande munisipale boorgate om self te herstel en in stand te hou (soos byvoorbeeld in Louis Trichardt).  
**Belangrike wenk: Probeer om nie boorgate op staatsgrond soos skole te gebruik nie, want die staat kan dit enige tyd weer by AfriForum afneem. Identifiseer dus boorgate op privaat eiendom.**
- Dié boorgate moet in veilige gebiede wees.
- Wys 'n verantwoordelike persoon op takvlak aan om eienaarskap van die projek te neem ('n projekkoördineerder). Tydens noodgevallen kan die voorsitter of verantwoordelike komiteelid baie oproepe ontvang. Groot dorpe moet in bestuurbare gebiede ingedeel word (neem buurtwagstrukture, waterkarre en watertenks in ag). Skole, hospitale en ouetehuse moet watertenks en drukpompe op hul badkamers koppel.
- Die tak kan help om dit by skole en so meer op te rig, maar is nie die primêre doelwit nie.
- Identifiseer verskaffers wat watertenks en drukpompe in voorraad kan hou en verskaf. Die eerste stap is om dit in die plaaslike gemeenskap te doen sodat die geld in die gemeenskap bly. Indien niemand plaaslik daarmee kan help nie, sal daar 'n lys van voorkeurverskaffers opgestel word. Neem kennis dat dit kostes tot gevolg kan hê.
- Skakeling met die munisipaliteit is belangrik sodat daar gepoog kan word om saam te werk. Indien die verhouding nie goed is nie, moet daar druk op die munisipaliteit geplaas word om watertrokke en dies meer, asook sy noodplanne aan die gemeenskap beskikbaar te stel.
- Wanneer jy die noodwaterpunte identifiseer, moet jy onthou dat dit toeganklik moet wees en genoeg plek moet hê waar voertuie en waterkarre kan parkeer om volgemaak te word. Daar moet groot genoeg in- en uitgange wees sodat dit nie verkeersprobleme en gevolglik konflik veroorsaak nie.

Skep 'n doeltreffende platform waar mense inligting kan deurgee sodat noodwaterpunte makliker geïdentifiseer kan word. Dit sal ook help met die sifting van inligting sodat die vinnigste oplossings eerste aangewend kan word. Die volgende inligting moet op die platform voorsien word:

- Naam en van
- Kontaknommer
- E-posadres
- Dorp
- Adres
- Boorgat: ja/nee
- Watertenkstelsel: ja/nee
- Elektrisiteit- of sonpaneelstelsel: ja/nee
- Genoeg ruimte om stelsel op te rig: ja/nee

# Fase 2

## Implementering

1. Toets geïdentifiseerde boorgate en sink moontlike boorgate as die tak oor voldoende fondse beskik.
2. Toets die loog van die boorgat.
3. Toets die boorgat se watergehalte volgens SANS 241-1:2015-standaarde.
4. Identifiseer plaaslike water trokke wat kan help om water te versprei.
5. Voer 'n voorsieningsontleding uit:

Vraag	Antwoorde
<b>Hoeveel water kan die boorgat per uur voorsien?</b>	
<b>Hoeveel water kan die boorgat in 24 uur voorsien?</b>	
<b>Watter waterpomp (hand-, wind-, elektries-, sonkrag- of brandstofaangedrewe) kan op die boorgat gekoppel word?</b>	
<b>Wat is die gehalte van die water?</b>	
<b>Watter watersuiweringsmeganisme sal die water op drinkwatergehalte bring?</b>	
<b>Watter sekuriteitsmaatreëls moet aangebring word om die boorgat teen diefstal en sabotasie te beskerm?</b>	
<b>Hoe toeganklik is die boorgat in nood?</b>	

## Fase 3

- Stel die nodige veiligheidsplan op en betrek alle rolspelers.
- Kry die regsdokumente in plek:
  - Vrywaring; en
  - Kontrak met privaat eienaar, waar van toepassing.
- Identifiseer loodgieters en maatskappye wat watertenks kan voorsien en installeer.

Die oorweging van watervraag en -aanbod is noodsaaklik in watervoorsiening.

---

## OPERASIONELE PLAN:

---

- |   |   |
|---|---|
| a) Toets die loog elke twee weke wanneer die boorgat gebruik word.  | i) Onderhou die boorgate.   |
| b) Toets die watergehalte elke drie maande om te verseker dat geen besoedeling of besmetting plaasvind nie. | j) Onderhou die filtreringstelsel waar van toepassing.  |
| c) Moniteer die hoeveelheid water wat gepomp word.  | k) Onderhou die watertenks.   |
| d) Moniteer die hoeveelheid krag of brandstof wat die boorgatpomp gebruik.                                  | l) Verseker volhoubare sekuriteit om die infrastruktuur teen diefstal en sabotasie te beskerm.  |
| e) Moniteer die aanvraag vir water.   | m) Pas toegangsbeheer om die boorgat toe om oppervlakte besmetting te verhoed, byvoorbeeld beeste wat wei waar die opvangsgebied vir die ondergrondse water is. |
| f) Hou die bogrondse infrastruktuur skoon.  | n) Gee die toetsuitslae aan die takbestuur en provinsie koördineerder deur.   |
| g) Onderhou die boorgatpomp.  | o) Reël dat watertrokke beskikbaar is vir verspreiding (sien hieronder).  |
| h) Diens die dieselenjins wanneer nodig.  |   |
- 

## WATERVERVOERFUNKSIE

---

Dit is belangrik om 'n watervervoerfunksie by die plan in te sluit sodat water byvoorbeeld tydens die inperking na verskeie punte versprei kan word; ook om water te versprei na gebiede waar onluste juis weens watertekorte uitbreek het om die situasie só te ontloot. Hierdie deel van die proses behels dus 'n gereedheidsfaktor.

---

## HOE JY TE WERK MOET GAAN

---

- Identifiseer kontrakteurs in dorpe en distrikte wat watertrokke kan verskaf.
- identifiseer ook bykomende waterverskaffers.

---

## VRAE WAT AAN ELKE KONTRAKTEUR GEVRA MOET WORD

---

Sien aangeheg.

---

## BELANGRIK

---

- Dit is noodsaaklik om soveel moontlik kontrakteurs in elke gebied of distrik te identifiseer.
- Probeer om drie kontrakteurs per distrik te identifiseer, maar dit is belangrik dat elke kontrakteur deur die hele distrik moet kan aflewer.